
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste-eeuse Europese Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994–Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na EEN van die toneeltekste hieronder wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Europese Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**

| | |
|---|---|
| • *Caucasian Chalk Circle* | Bertolt Brecht |
| • *Kaukasiese Krytsirkel* | Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks |
| • *Mother Courage* | Bertolt Brecht |
| • *Moeder Courage* | Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks |
| • *The Good Person of Szechwan* | Bertolt Brecht |
| • *Kanna Hy Kô Hystoe* | Adam Small |

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

| | |
|---|---|
| • *Waiting for Godot* | Samuel Beckett |
| • *Afspraak met Godot* | Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks |
| • *Bagasie* | André P Brink |
| • *The Bald Primadonna* | Eugene Ionesco |
| • *Die Kaalkop Primadonna* | Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks |

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**

| | |
|---|---|
| • *Skrapnel* | Willem Anker |
| • *Top Girls* | Carol Churchill |
| • *Popcorn* | Ben Elton |
| • *Buried Child* | Sam Shepard |

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2: | *Woza Albert!* | Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF** |
| VRAAG 3: | *Sophiatown* | Junction Avenue Theatre Company **OF** |
| VRAAG 4: | *Siener in die Suburbs* | PG du Plessis |

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 5: | *Nothing but the Truth* | John Kani **OF** |
| VRAAG 6: | *Groundswell* | Ian Bruce **OF** |
| VRAAG 7: | *Mis* | Reza de Wet |

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling is VERPLIGTEND. Beantwoord VRAAG 8 en 9.**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING A: 20ste-EEUSE EUROPESE TEATERBEWEGINGS**

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

**VRAAG 1**

Verwys na BRON A, B of C hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A: TEATER VAN DIE ABSURDE**




[Bron: Eksaminator se eie teks]

**LET WEL:** farcical situasies beteken klugspelsituasies

**OF**

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON B: EPIESE TEATER**




[Bron: Eksaminator se eie teks]

**LET WEL:** digotomie beteken tweeledigheid

**OF**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BRON C: POSTMODERNE TEATER**




[Bron: Eksaminator se eie teks]

Kies BRON A, B OF C. Hierdie bronne bevat baie kenmerke van Teater van die Absurde, Epiese Teater OF Postmoderne Teater.

In 'n opstel, bespreek hoe die kenmerke van Teater van die Absurde, Epiese Teater OF Postmoderne Teater in die toneelteks wat jy bestudeer het, gesien kan word. Verwys na die *karakters* en *temas* van die toneelstuk.

Skryf die titel van die toneelteks en die 20ste-eeuse Teaterbeweging (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater) wat jy bestudeer het, as 'n opskrif neer voor jy jou opstel begin.

**TOTAAL AFDELING A: 30**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D: 'N TONEEL UIT *WOZA ALBERT!***



[Bron: *Sowetan Live*]

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Noem die twee karakters in BRON D. | (2) |
| 2.2 | Stel voor hoe die akteurs die stemming skep van die toneel wat in BRON D uitgebeeld word. | (4) |
| 2.3 | Beskryf die dekorstel wat in die toneelstuk gebruik word. | (4) |
| 2.4 | Verduidelik waarom die dekorstel 'n geskikte omgewing vir die opvoer van die toneelstuk is. | (4) |
| 2.5 | Motiveer waarom die kostuums in BRON D geskik is vir 'n akteur in Arm/Gestroopte Teater. | (4) |



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E: 'N UITTREKSEL UIT 'N MEDIAVERKLARING OOR *WOZA ALBERT!***

> Die briljantheid van *Woza Albert!* lê nie net in die storie van Morena (Jesus Christus) se koms na apartheid-Suid-Afrika nie, maar ook in die feit dat die twee akteurs in staat was om 'n hele wêreld op die verhoog, vokaal en fisies, met gebruik van die werkswinkelproses te skep. Hulle speel baie karakters wat die Suid-Afrikaanse menslike toestand tydens apartheid, met sy rassisme, polisiewreedheid, armoede, gedwonge verskuiwings, uitbuiting, ens. beklemtoon.
>
> – Themba Ntshingila

2.6 Analiseer hoe die akteurs 'in staat was om 'n hele wêreld op die verhoog', vokaal en/of fisies, te skep (reëls 2–3). Verwys na spesifieke voorbeelde in die toneelstuk. (6)

2.7 Bespreek die werkswinkelproses soos deur Mbongeni Ngema en Percy Mtwa gebruik om die toneelstuk *Woza Albert!* te skep. (6)

2.8 Evalueer hoe *Woza Albert!* daarin slaag om die 'Suid-Afrikaanse menslike toestand tydens apartheid, met sy rassisme, polisiewreedheid, armoede, gedwonge verskuiwings, uitbuiting, ens.' (reëls 4–6) te beklemtoon en waarom dit steeds in ons huidige samelewing relevant is.

Verwys na enige DRIE van hierdie temas in jou antwoord. (10)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F: 'N TONEEL UIT *SOPHIATOWN***




[Bron: Google Images]

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Identifiseer TWEE vroulike karakters op die verhoog in BRON F. | (2) |
| 3.2 | Stel voor hoe die akteurs die stemming skep van die toneel wat in BRON F uitgebeeld word. | (4) |
| 3.3 | Beskryf die dekorstel wat in die toneelstuk gebruik word. | (4) |
| 3.4 | Verduidelik waarom die dekorstel 'n geskikte omgewing vir die opvoer van die toneelstuk is. | (4) |
| 3.5 | Motiveer of die kostuums vir *Sophiatown* geskik is of nie. | (4) |
| 3.6 | Bespreek hoe DRIE van die vroulike karakters in die toneelstuk 'n manier vind om in Sophiatown te oorleef. | (6) |


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Bestudeer BRON G en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G: 'N UITTREKSEL UIT 'N MEDIAVERKLARING OOR *SOPHIATOWN***

Hierdie lewendige en onvergeetlike Township-musiekvertoning word herleef met 'n nuwe, jong rolverdeling onder die ervare oog van regisseur Malcolm Purkey.

In sy regisseursnota sê Purkey: 'Ek het gekies om op die kwessies van familie, identiteit, kulturele diversiteit, ras en konflik te fokus. Dit is duidelik dat hierdie temas steeds in Suid-Afrika ná apartheid relevant is.'

– Sam Dube

3.7 Beskryf en analiseer die kenmerke van 'n Township-musiekblyspel. (6)

3.8 Evalueer hoe die kwessies van familie, identiteit, kulturele diversiteit, ras en konflik in die toneelstuk *Sophiatown* weerspieël word en waarom dit steeds in ons huidige samelewing relevant is.

Verwys na enige DRIE van hierdie temas in jou antwoord. (10)
**[40]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

Bestudeer BRON H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H: 'N TONEEL UIT *SIENER IN DIE SUBURBS***




[Bron: Google Images]

4.1 Identifiseer die TWEE karakters in BRON H. (2)

4.2 Stel voor hoe die akteurs die stemming skep van die toneel wat in BRON H uitgebeeld word. (4)

4.3 Beskryf die dekorstel wat in die toneelstuk gebruik word. (4)

4.4 Verduidelik waarom die dekorstel 'n geskikte omgewing vir die opvoer van die toneelstuk is. (4)

4.5 Motiveer of die kostuums in BRON H vir *Siener in die Suburbs* geskik is of nie. (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Bestudeer BRON I en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON I: 'N UITTREKSEL UIT 'N MEDIAVERKLARING OOR *SIENER IN DIE SUBURBS***

| |
|---|
| Die toneelstuk *Siener in die Suburbs* wys vir ons karakters wat vir persoonlike vryheid veg. Hulle waag dit om te droom en op 'n beter lewe te hoop, selfs op 'n tydstip wanneer teleurstelling 'n konstante werklikheid is. |
| – Jay Cohen |

4.6 Identifiseer die genre/styl van *Siener in die Suburbs.* (2)

4.7 Analiseer hoe die genre/styl wat in VRAAG 4.6 geïdentifiseer is, in *Siener in die Suburbs* weerspieël word. (6)

4.8 Verduidelik hoe TWEE van die vroulike karakters 'n manier vind om in hulle omstandighede te oorleef. (4)

4.9 Bespreek hoe die toneelstuk *Siener in die Suburbs* die temas van vryheid, drome en hoop deur die karakters en hulle situasies ondersoek en waarom dit steeds in ons huidige samelewing relevant is.

Verwys na die DRIE temas in jou antwoord. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON J hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON J: 'N LEË TEATERRUIMTE**



[Bron: Google Images]

Stel jou voor dat jy gevra is om *Nothing But The Truth* te regisseer in die teater wat in BRON J hierbo uitgebeeld word.

5.1 Identifiseer die verhoogtipe wat in BRON J uitgebeeld word. (2)

5.2 Lig jou stelontwerper in oor hoe die dekorstel vir *Nothing But The Truth* moet lyk. (2)

5.3 Maak 'n lys van die meubels en rekwisiete wat op die dekorstel benodig word. (6)

5.4 Maak aantekeninge oor hoe jy die openingsoomblikke van die toneelstuk kan opvoer om van die begin af die gehoor te boei. Verwys na blok (verhoogplasing), tegniese elemente en die akteur-gehoor-verhouding in jou antwoord. (6)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Bestudeer BRON K hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON K: TWEE VAN DIE AKTEURS AAN WIE JY ROLLE IN *NOTHING BUT THE TRUTH* TOEGEKEN HET**



[Bron: Google Images]

5.5 As regisseur, verskaf die volgende karakterbiografieë vir die akteurs aan wie rolle in jou produksie in BRON K toegeken is:

- Die name van die karakters wat hulle speel
- Die familieagtergrond van elke karakter
- Die persoonlikheid van elke karakter
- Die karakters se verwantskap met mekaar in die toneelstuk (8)

5.6 Beskryf die funksie van die volgende lede van jou produksiespan:

- Verhoogbestuurder
- Verhoogpersoneel ('Backstage crew')
- Tegniese span (6)

5.7 Skryf 'n artikel (paragraaf) onder die volgende opskrif om jou produksie vir 'n hedendaagse gehoor te adverteer:

***Nothing But The Truth*: 'N MOET-SIEN-produksie!**

Bespreek hoe die storielyn en temas van die toneelstuk dit 'n 'moet-sien'-produksie kan maak. (10)

**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

Bestudeer BRON L hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON L: 'N LEË TEATERRUIMTE**



[Bron: Google Images]

Stel jou voor dat jy gevra is om *Groundswell* te regisseer in die teater wat in BRON L hierbo uitgebeeld word.

6.1 Identifiseer die verhoogtipe wat in BRON L uitgebeeld word. (2)

6.2 Lig jou stelontwerper in oor hoe die dekorstel vir *Groundswell* moet lyk. (2)

6.3 Maak 'n lys van die meubels en rekwisiete wat op die dekorstel benodig word. (6)

6.4 Maak aantekeninge oor hoe jy die openingsoomblikke van die toneelstuk kan opvoer om van die begin af die gehoor te boei. Verwys na blok (verhoogplasing), tegniese elemente en die akteur-gehoor-verhouding in jou antwoord. (6)




SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Bestudeer BRON M hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON M: TWEE VAN DIE AKTEURS AAN WIE ROLLE IN JOU PRODUKSIE *GROUNDSWELL* TOEGEKEN IS**



[Bron: Photo by Katarzyna Woranowicz]

6.5 As regisseur, verskaf die volgende karakterbiografieë vir die akteurs aan wie rolle in jou produksie in BRON M toegeken is:

- Die name van die karakters wat hulle speel
- Die agtergrond van elke karakter
- Die persoonlikheid van elke karakter
- Die karakters se verwantskap met mekaar in die toneelstuk (8)

6.6 Beskryf die funksie van die volgende lede van jou produksiespan:

- Verhoogbestuurder
- Verhoogpersoneel ('Backstage crew')
- Tegniese span (6)

6.7 Skryf 'n artikel (paragraaf) onder die volgende opskrif om jou produksie vir 'n hedendaagse gehoor te adverteer:

***Groundswell*: 'N MOET-SIEN-produksie!**

Bespreek hoe die storielyn en temas van die toneelstuk dit 'n 'moet-sien'-produksie kan maak. (10)

**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 7: *MIS DEUR* REZA DE WET

Bestudeer BRON N hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON N: 'N LEË TEATERRUIMTE**



[Bron: Google Images]

Stel jou voor dat jy gevra is om *Mis* te regisseer in die teater wat in BRON N hierbo uitgebeeld word.

7.1 Identifiseer die verhoogtipe wat in BRON N uitgebeeld word. (2)

7.2 Lig jou stelontwerper in oor hoe die dekorstel vir *Mis* moet lyk. (2)

7.3 Maak 'n lys van die meubels en rekwisiete wat op die dekorstel benodig word. (6)

7.4 Maak aantekeninge oor hoe jy die openingsoomblikke van die toneelstuk kan opvoer om van die begin af die gehoor te boei. Verwys na blok (verhoogplasing), tegniese elemente en die akteur-gehoor-verhouding in jou antwoord. (6)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Bestudeer BRON O hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON O: TWEE VAN DIE AKTEURS AAN WIE ROLLE IN JOU PRODUKSIE *MIS* TOEGEKEN IS**



[Bron: 'n Produksie van *Mis* deur André Stolz]

7.5 As regisseur, verskaf die volgende karakterbiografieë vir die akteurs aan wie rolle in jou produksie in BRON O toegeken is:

- Die name van die karakters wat hulle speel
- Die agtergrond van elke karakter
- Die persoonlikheid van elke karakter
- Die karakters se verwantskap met mekaar in die toneelstuk (8)

7.6 Beskryf die funksie van die volgende lede van jou produksiespan:

- Verhoogbestuurder
- Verhoogpersoneel ('Backstage crew')
- Tegniese span (6)

7.7 Skryf 'n artikel (paragraaf) onder die volgende opskrif om jou produksie vir 'n hedendaagse gehoor te adverteer:

***Mis*: 'N MOET-SIEN-produksie!**

Bespreek hoe die storielyn en temas van die toneelstuk dit 'n 'moet-sien'-produksie kan maak. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

**VRAAG 8 en 9 is VERPLIGTEND.**

**VRAAG 8**

Bestudeer BRON P hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON P: 'N GEÏMPROVISEERDE TONEEL WAT GEBRUIK MAAK VAN ARM/GESTROOPTE TEATER, FISIESE TEATER EN MIMIEK IN 'N OMGEWINGSTEATERPRODUKSIE**



[Bron: *Horn of Sorrow*, YouTube]

8.1 Skryf 'n paragraaf oor die geskiedenis en styl van Arm/Gestroopte Teater. Sluit inligting onder die volgende opskrifte in:

- Definieer Arm/Gestroopte Teater
  - Via Negativa
  - Die Heilige Akteur
  - Akteursoefeninge
  - Akteur-gehoor-verhouding (10)

8.2 Definieer die volgende teaterterme:

8.2.1 Improvisasie (2)

8.2.2 Mimiek (2)

8.2.3 Fisiese Teater (2)

8.2.4 Opvoerruimte (2)

8.2.5 Omgewingsteater (2)
**[20]**



SA EXAM PAPERS


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 9**

Bestudeer BRON Q en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON Q: GEDAGTES IN DIE VERSTAND VAN 'N LEERDER IN DRAMATIESE KUNSTE**




[Bron: Google Images en eksaminator se eie teks]

9.1 BRON Q is 'n voorbeeld van die gedagtes in die verstand van 'n leerder in Dramatiese Kunste.

Skep 'n nuwe skets/prentjie ('n breinkaart/tekening/spinnekopdiagram/kort aantekeninge, ens.) met byskrifte wat **jou eie gedagtes** oor **jou eie** ervaring van Dramatiese Kunste aandui.

Maak seker jy sluit TIEN gedagtes in. (10)

9.2 Kies DRIE gedagtes wat jy in jou skets in VRAAG 9.1 aangedui het.

Bespreek ELK van hierdie DRIE gedagtes in detail om jou ervarings as 'n leerder in Dramatiese Kunste te weerspieël. (10)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS